HOE OM ’N KANTELKRAAN (‘TIPPY TAP’) TE MAAK

Stap 1:
Dit het jy nodig:

- Plastiekbottel met ’n opdraaidoppie
- Medium plastiekpyp
- Tang
- Skroewedraaier
- Stukkie metaaldraad
- Kers
- Tou
- Koekie seep

Stap 2:
Maak die bottel goed skoon.

Stap 3:
Verhit die draad oor die brandende kers.
Maak ’n gaatjie in die onderste deel van die bottel.

Stap 4:
Druk die plastiekpyp deur die gat in die bottel – dit moet styf pas.

Stap 5:
Druk ’n gat deur die seep met die skroewedraaier.

- Maak die bottel vol skoon water en draai die doppie op.
- As die doppie styf toe is, behoort geen water deur die pyp te vloei nie.
- As die doppie los is, behoort die water in ’n stroom by die pyp uit te vloei.

Stap 6:
As jy seker is dit werk, hang dit aan of sit dit op ’n rak sodat mense dit kan gebruik om hul hande te was. Hou seep byderhand deur ’n tou deur die seep te trek en dit aan die bottel vas te maak.

Kontak die 24/7-blitslyn by 021 928 4102.
Vir nog inligting gaan na www.capetown.gov.za/coronavirus

WAS JOU HANDE. HOU JOU AFSTAND.

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.